

LENTEDAG

Lank gelede het ek by 'n skool gewerk waar daar tradisioneel net Sesotholeerders was. Elke jaar met lentedag het hulle mekaar met emmers water gegooi. Nugter weet hoekom, en klaarblyklik is dit die enigste land waar hierdie snaakse tradisie geld.

DIE MEESTE VAN DIE BESIGHEDE KOOP DAAR-OP IN: daar is Lente-verkopings, Lenteloop, Lente-fees, Lentebasaar, Lente-konsert, Lentemusiek, Lente-mark. Noem maar op. Baie skole het 'n *civvie* dag waar leerders teen 'n klein fooi met gewone klere skool toe gaan. En o

wee, die snaaksste ding gebeur wanneer kinders nie uniform skool toe aantrek nie: hulle is onbeheerbaar.

By die aftreeoord waar by ma en skoonma woon, het hulle ook 'n Lenteloop. Die oumas en oupas stap omtrent 'n kilometer ver. Diegene wat met kieres en looprame loop, bring dit saam, ander kom met hulle vier wietjies en stap saam. As daar iemand is wat nie kan loop nie, is die portiers en verpleegsters daar om hulle die hele kilometer ver te stoot. Daar is elke 100 meter 'n waterpunt en aan die einde kry elkeen 'n roomys. Dit is regtig vir elke inwoner 'n *event*.

Ons dink dis op 1 September, maar strengesproke is dit op 22 September. Elke jaar. Dit gebeur wanneer die son presies oor die ewenaar beweeg. (Ons weet almal dat dit nie die son is wat beweeg nie, maar ek gaan nie nou tegnies raak nie.) Op daardie datum is die dag en nag ewe lank. Die Engelse term, *equinox*, beskryf dit mooi. "Equi" in Latyn beteken ewe of dieselfde en "nox" beteken nag.

Die rede waarom dit op 1 September tradisioneel as Lentedag bestempel word, is omdat 'n internasionale groep meteoroloë in 1780 besluit het om die jaar in 4 te deel wat elke keer op die eerste van die maand begin. Die somer begin 1 Desember, herfs op 1 Maart, winter op 1 Junie en lente op 1 September.

DIE AFGELOPE TWEE WEKE WIL EK DIE WINTER PROBEER VASHOU. En ek hou nie eers van die winter nie! Dit smaak my dat my hele gebeente bewe van die koue. Maar hierdie jaar is anders. Dis so asof ek nie wil hê dat die lente moet aanbreek nie.

Ek sien dit rondom my: die twee gewillige clivias het al klaar 'n handvol blomme gestoot. Ek het in Januarie, ten duurste, vier peoniestokkies bestel. Dit is aan die begin van Julie afgelewer tesame met die 10 tulpebolle. Ek moet nou byvoeg dat ek geen bewese *track record* het vir plante nie. My swaer se Duitse ouma het die perfekte antwoord gehad oor hoekom my plante nooit opkom nie: sy het gereken dat die wortels eers een keer reg rondom die aarde moet groei voordat dit opkom.

Ek het die peonies (ek praat onder korreksie, maar ek dink peonies is dieselfde as pinksterrose) en die tulpe sorgvuldig geplant, presies soos die instruksies. Vir my al klaar 'n pluspunt: maak soos hulle sê. Ek dink dit was omdat dit so vrek duur was! Ek het twee keer per dag by die bedding verbygeleef en later moedeloos gedink dat NIKS wat

ek plant OOI opkom nie.

Tot een oggend.

Al tien tulpe het hulle kop-pies uitgesteek en 'n paar dae daarna staan al vier peoniestokkies met hulle vars, nuwe blaartjies punt in die wind. Uit pure opgewondenheid het ek 25 swaardlelies ook gaan plant, maar ek wag nog dat hulle wortels een keer om die aarde moet gaan.

DIS VIR MY EEN VAN DIE MOOISTE NATUURWONDERS: hoe bome ewe skielik, ná 'n koue winter, hulle groen jassies aantrek. Wilgerbome se blare kry is die mooiste: die een dag hang die kaalgestroopte take weemoedig grond en die volgende dag is daar 'n groengeel skynsel waar daar splinternuwe blare groei.

Ons wit stinkhout kry nuwe blare, sien ek. Dit is vir my so simbolies van ons lewens.

Ek luister vroeër vanaand na die kinderstories oor RSG. Dis goeie agtergrondgeluide terwyl ek die skottelgoed was.

Geelhoutboom wou vir niemand skaduwee gee nie. Die voëls mog nie eers in sy takke nesmaak nie. Hy wou nie vir een van die bosdiere toelaat om naby hom te kom nie. Wind besluit toe om vir Geelhoutboom 'n les te leer: Wind waai en waai en waai. Later verloor Geelhoutboom al sy blare omdat die wind dit afruk. Een van die bosdiere besluit om 'n jassie vir Geelhoutboom te brei. 'n Ander diertjie vra hoekom sy 'n jassie brei? Die bosdier sê dat sy vir Geelhoutboom jammer kry en nie wil hê dat hy moet koud kry nie, want dit is amper winter.

Toe Geelhoutboom hiervan te hore kom, was hy baie aangedaan, want iemand, vir wie hy nie eers omgee het nie, het vir hom voorsiening gemaak vir die winter.

Dit was 'n kinderstories, maar dit is so van toepassing op ons ook. Ons is baie keer nie goed vir ons medemens nie, wil nie opofferings maak nie. En dan kom iemand van die kant af en doen ewe skielik iets goeds aan ons wat ons totaal verbysterd laat.

Soos die lente: dis is wonderwerklik dat nuwe lewe kan spruit uit iets wat doodgegaan het.

Hoe gaan jy die lente vier? Dit hoef nie 'n aardskud-dende feesviering te wees nie.

Jy kan in verwondering kyk na die nuwe blomme, jy kan stilsit en die jasmyn ruik.

Jy kan saam met iemand gaan stap, al gaan dit hinkepinke wees. Jy kan saam met iemand in die straat gaan dans.

Jy kan sit en kyk hoe voëls bad. Of jy kan maar net blom waar jy geplant is.

Maak nuwe, lekkerruik lentebloem. Sodat diegene wat langs jou stap ook van jou lewensparfuum kan kry.

Dalk is jy die ene wat 'n lekker warmte kan verskaf aan iemand wie se blare afgeruk is. Of dalk is jy die ene wie die warmte nodig gaan hê. Solank jy net blom waar jy geplant is. Hopenlik moet jou wortels nie eers een keer rondom die aarde gaan nie. Geniet die Lente! Geniet die Lewe – jy het net hierdie een lewe.

Sela.



KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE

Nasionale Biddag vir Dowes

DANKOFFERFEES Sondag: 09:30 Nagmaal
Sin Kol: Fonds vir Dowes (TOIBO) / Kategese
Blok 3 / 12:00 Dankofferete

NG SUID

Nasionale Biddag vir Dowes

Gemeenteverjaarsdag (90)

Sondag: 09:30 Lofprysingsdiens
Sin Kol: Fonds vir Blindes (TOIBO)
Kategese

GEREFORMEERDE KERK

Sondae: 09:30 Nagmaal: Sending

Kol: Teologiese Studentekas / Katkisasie: Les 20
Diensbeurte: Wyk 6 & 7

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate

Sondae: 10:30 Erediens / Kategese 10:00

Kontak Ds L.M Prinsloo 083 943 4561

AGS PLEINSTRAAT 72

Sondae: 10:00 Erediens

Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

CHRISTUS GEMEENTE

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

AP-KERK

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.

Sondag: 10:00 Erediens (Heilbron)

Deurkollekte DVB / VBO Les 22 / Skinkbeurt Groep 1

METHODIST CHURCH

Sunday: Worship service 09:30 each Sunday.

Almal welkom / All welcome.

Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA

Sondag: 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE

Hou erediens op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

EVANG. Geref. KERK

FRANKFORT (MARKSTR. 20)

Sondagoggend: 10:00 Erediens

18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00

Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

Sondae: 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

PENTECOSTAL CENTRE

(Assemblies of God, Sandersville)

Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /

Maandag: 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur

Woensdag: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand

Vrydag: 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.

Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190

Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE

Sondae: Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,

Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE

Dinsdae: 17:00 Jeugdientse & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00

Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.

Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of

Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00

Biduur Dinsdae om 10:00 / Bybelstudie Donderdae om 10:00

Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/

booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.

Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

(He who believes shall obey, for by his obedience

he proves that he believes).

Heilbron
Herald

GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker
Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

Program vir week

Maandag

09:00 Kooroefening

Dinsdag

09:00 Bloeddrukke

Woensdag

09:00 Dorp toe

10:00 Voetsorg

Donderdag

10:00 Sosiale program

Vrydag

09:00 Bybelstudie

Kontakpersoon

Petro Pretorius

082 325 1322

**Heilbron
Dienssentrum**

Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

Bestuurder: S. Meades

PROGRAM

MAANDAE:

08:45 - Gimtrim

DINSDAE:

09:30 - Bloeddrukke

word geneem.

10:00 - Ledeprogram

(Elke week iets anders)

WOENSDAE:

10:00 - Speletjies,

Jukskei ensovoorts.

Elke week iets anders.

DONDERDAE:

17:00 Kooroefening

**Geen byeenkomste
tydens skoolvakansies**



**RIEMLAND MUSEUM
TYE**

VRYDAE 09:00 - 13:00

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Biblioteek Tye
Piercestraat 66 • Heilbron

Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week
vir die publiek oop en die tye is as volg:

MAANDAE TOT VRYDAE
09:00 - 16:30

BIBLIOTEK IS GESLUIT OP
SATERDAE, SONDAE &
OPENBARE VAKANSIEDAE.

FOR I KNOW
the I HAVE
Plans FOR YOU
PLANS TO PROSPER YOU
NOT HARM
YOU PLANS
TO GIVE YOU A
HOPE & FUTURE
• JEREMIAH 29:11 •